

## SARS DOEANE-BESLAGLEGGINGS BELOOP NAGENOEG R90 MILJOEN

**Pretoria, 19 Desember 2018** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se doeane-beamptes het in twee afsonderlike gevalle, Acetantranil - 'n middel gebruik vir, of gekoppel aan, die vervaardiging van Mandrax - met 'n gewig van 1600 kg en 1581 kg afsonderlik, en 'n gesamentlike geskatte waarde van R90 miljoen, by OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) die afgelope twee dae onderskep.

Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPS) se Forensiese Dienste Laboratorium (FSL) het die middel bevestig met 'n geskatte straatwaarde van R90 miljoen.

SARS het die besittings aan SAPS oorhandig vir verdere ondersoek.

In nog 'n voorval by ORTIA laasweek Vrydag, is 'n besending van 241 920 seksuele opkikkertablette, met 'n geskatte waarde van R24 miljoen, gedurende inspeksie onderskep. Die goedere is aan Hawegesondheid oorhandig vir verdere ondersoek.

'n Buitelander het vroeg verlede week in die Durbanse gespesialiseerde kommersiële misdaadhof verskyn op aanklag dat hy R200 000 omkoopgeld aan 'n SARS doeane-beampte gebied het. Die verdagte was voorgenome om die omkoopgeld te gebruik om 'n teruggehoue trok en dié se vrag alkohol vry te stel. Die doeane- en aksynsheffings op die alkohol was R1.2 miljoen.

Ten tyde van sy inhegtenisneming, was die verdagte in besit van 'n vervalsde faktuur, wat voorgegee het dat die alkohol deur 'n Gauteng-gebaseerde welbekende drankkettingwinkel verskaf is.

Met verdere ondervraging, kon die verdagte nie 'n redelike verduideliking of bewys verskaf van waar die vrag alkohol verkry is nie. Dit het daartoe gelei dat die beamptes 'n brief van voorneme van terughouding van die trok en vrag aan die verdagte uitgereik het.

Dit moet uitgelig word dat, hoewel geen land immuun is teen sulke misdade nie, SARS, as die agentskap vir inkomste-invordering, altyd 'n teiken vir kriminele sal

wees. Om korrupsie doelgerig te beveg is vir SARS baie belangrik in ons strewe om vertroue te herstel. Daarom word die doeane-beampte in Durban, wat die omkoopgeld geweier het, geprys vir die weiering om aan korrupte aktiwiteite deel te neem.

[Klik hier vir foto's.](#)